(2) Elkeen wat 'n geproklameerde pad gebruik solank dit luidens 'n waarskuwingsteken gesluit is of wat die bevel op 'n waarskuwingsteken verontgaam, of wat 'n amptelike kennisgewing of versperring uitwis, beskadig, verwyder of verplaas, is skuldig aan 'n oortreding.

PONTE:

25. Die Administrateur kan —

- (a) pontdienste oor riviere instel, en anker- en aanlegplekke asook die nodige opritte sowel buite as binne die padgrense aanlê;
- (b) 'n ponttarief vorder vir die vervoer van reisigers, voertuie en vee, en kan die tarief van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat daar geen tarief gevorder word wanneer die vervoer in Administrasiendienste geskied nie;
- (c) kontrakte aangaan vir die aanleg en instandhouding, die huur en die verhuur van ponte op tariefvoorraarde wat hy goed vind;
- (d) met die administrasies van naburige gebiede saamwerk ter instelling van pontdienste oor riviere aan die Gebiedsgrense, en kan ooreenkoms met sodanige administrasies sluit betreffende die beheer, bestuur en instandhouding van sodanige dienste.

DE OPENING, SLUITING EN VERLEGGING VAN GEPROKLAMEERDE PAAIE.

(1) Wanneer —

- (a) minstens twaalf belanghebbende volwasse blanke inwoners van 'n raadsgebied die aanleg van 'n nuwe geproklameerde pad of die omsetting van 'n pad in 'n geproklameerde pad, of die sluiting of verlegging van 'n geproklameerde pad, of die statusverandering van 'n geproklameerde pad binne die raad se gebied skriftelik aan die raad voorstel; of
- (b) die eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas skriftelik by 'n raad voorstel dat 'n bestaande distrik- of plaaspad oor sy plaas verlê of gesluit moet word; of
- (c) 'n raad self voorstel dat 'n nuwe geproklameerde pad aangelê moet word, of dat 'n pad tot geproklameerde pad omgeskep moet word, of dat enige geproklameerde pad behalwe 'n hoof- of grootpad, gesluit of verlê moet word, of dat so 'n pad se status verander moet word — moet die voorstel van die betrokke raad waar dit nodig blyk, 'n onderzoek instel, of opdra aan 'n ander raadslid, of die Afdeling Paaie versoek om dit te doen en dan 'n skriftelike verslag daaroor uitbring of laat uitbring, en vervolgens die oorspronklike voorstel, die betrokke verslag en die raadsbesluit daaroor, saam met 'n sketskaart van die betrokke streek en die raadsaanbevelings, aan die Hoof Paaie-Ingenieur besorg.

(2) Ondersteun sowel die betrokke raad as die Hoof Paaie-Ingenieur die voorstel, word dit ooreenkomsdig sub- artikel (4) hiervan geadverteer, maar keur of die raad of die Hoof Paaie-Ingenieur of albei dit af, dan moet die saak ter beslissing aan die Administrateur voorgelê word.

(3) Keur die Administrateur die voortsel goed, dan kan die voorstel ooreenkomsdig subartikel (4) hiervan geadverteer word, maar keur die Administrateur dit af, word die voorsteller dienooreenkomsdig verwittig, en kan hy versoek dat die voorstel tog geadverteer moet word,mits hy hom verbind om die advertensiekoste en die koste van 'n onderzoek ingevolge subartikel (6) hiervan te betaal as die uiteindelike beslissing die voorstel verwerp.

(4) Word daar ingevolge subartikel (2) of (3) hiervan beslissing dat die voorstel geadverteer moet word, of as die

24. (1) Notwithstanding any provisions of this ordinance to the contrary the Chief Roads Engineer or any European officer or employee of the Roads Branch may erect any warning signs on any proclaimed road or on any part of it while it is under construction or while any other necessary work in connection with it is in progress, and any person then using such a proclaimed road shall have no claim for compensation because of any accident or injury, but shall be liable for damage or injury caused by him to the road or to the staff or equipment of the Roads Branch.

(2) Any person using a proclaimed road while it is closed by a warning sign, or disregarding the instruction on a warning sign, or obliterating, damaging, removing or shifting any official notice or obstruction, shall be guilty of an offence.

PONTS:

25. The Administrator may —

- (a) establish pont services across rivers and make anchorages and landings and the necessary approaches within or beyond the limits of the road;
- (b) charge a pond tariff for the transport of travellers, vehicles and stock, and fix such tariff from time to time: Provided that no tariff shall be charged for any transport in respect of Administration services;
- (c) enter into contracts for the construction and maintenance, letting and hiring of ponts on such conditions as regards tariffs as he may think fit;
- (d) co-operate with the administrations of neighbouring territories for the provision of pont services across rivers along the Territory's borders, and enter into any agreement with such administrations about the control, management and maintenance of such services.

THE OPENING, CLOSING AND DEVIATION OF PROCLAIMED ROADS.

26. (1) Whenever —

- (a) at least twelve interested adult European inhabitants of a board area propose in writing to the board the construction of a new proclaimed road or the conversion of a road into a proclaimed road, or the closing or deviation of a proclaimed road, or the alteration of the status of a proclaimed road within that board area; or
- (b) the owner, lessee or occupier of a farm proposes in writing to a board that an existing district or farm road across his farm be deviated or closed; or
- (c) a board itself proposes that a new proclaimed road be constructed or that a road be converted into a proclaimed road, or that any proclaimed road, except a trunk or main road, be closed or deviated or that the status of such a road be altered —

the chairman of the board concerned shall, if it appears necessary, conduct an investigation or entrust such an investigation to another member of the board, or request the Roads Branch to undertake it and make or cause to be made a written report on the investigation and then provide the Chief Roads Engineer with the original proposal, the report concerned and the board's decision on it, together with a sketch of the locality concerned and the Board's recommendations.

(2) If the board concerned and the Chief Roads Engineer support the proposal, it shall be advertised as provided in sub-section (4) hereof, but if either such board or the Chief Roads Engineer, or both reject the proposal the matter shall be submitted to the Administrator for decision.

(3) If the Administrator approves the proposal, such proposal may be advertised as sub-section (4) hereof provides, but if the Administrator rejects such proposal, the proposer shall be notified accordingly, whereupon he may request that the proposal be advertised, in any case, provided that he undertakes to pay the costs of advertising and of an enquiry in terms of sub-section (6) hereof should the proposal be rejected by the final decision.

(4) It is decided in terms of sub-section (2) or (3) hereof that the proposal be advertised or if the Chief

Hoof Paaie-Ingenieur voorstel dat 'n nuwe geproklameerde pad aangelê moet word, of dat enige geproklameerde pad gesluit of verlê moet word, of dat so 'n pad se status verander moet word, moet 'n kennisgewing van die voorstel verskyn in die *Offisiële Koerant* asook in een of meer ander koerante wat in die Gebied omloop, en moet die betrokke raadsvoorsitter 'n afskrif van die advertensie in beide ampelike tale by sy kantoor opplak. Voorts moet die raadsvoorsitter ook 'n afskrif van die advertensie per aangetekende pos stuur aan al die betrokke eienaars, of huurders of bewoners stuur wie se adresse bekend is en oor wie se grond die pad loop of oor wie se grond die voorgestelde pad sal loop. So 'n kennisgewing moet alle belanghebbendes versoek om hul besware teen die voorstel binne hoogstens twee maande vanaf die datum van die kennisgewing op skrif te rig aan die beampete wat die kennisgewing noem.

(5) Op die eersvolgende vergadering van die betrokke raad na afloop van die twee maande moet daardie raad die saak weer behandel en moet die raadsvoorsitter —

- (a) enige bykomende aanbevelings;
- (b) al die ontvange besware;
- (c) 'n aanduiding of die raad 'n kommissie van ondersoek voorstaan of nie; en
- (d) in elk geval, die name van drie moontlike kommissielede uit sy gebied, met een alternatiewe naam, aan die Hoof Paaie-Ingenieur besorg, wat dit dan met sy kommentaar aan die Administrateur voorlê.

(6) Die Administrateur kan die voorstel goedkeur of afkeur, of na goeddunke 'n bevel dienaangaande verstrek, of hy kan die aanbevole kommissie of 'n ander kommissie aanstel om op die saak in te gaan en om skriftelik daaroor aan hom verslag te doen.

(7) So 'n kommissie moet ingaan op die voorstel en die besware daarteen, moet desnoods die betrokke plek besoek en getuenis afneem en moet so gou doenlik sy verslag skriftelik aan die Administrateur besorg, wat na goeddunke 'n bevel dienaangaande kan verstrek.

(8) Die kommissielede kry gelde soos by regulasie voorgeskryf, en die Administrasie bestry die kommissiekoste uit Gebiedsinkomste, maar na die ondersoek kan die Administrateur beveel dat die belanghebbendes die koste deels of geheel moet vergoed volgens 'n verhouding wat hy na billikvinde bepaal en nadat sodanige bevel geskied het, kan die aldus opeisbare bedrag in enige regsevoegde hof verhaal word.

VERKEERSBELEMMERING OP GEPROKLAMEERDE PAAIE:

27. (1) Tensy hierdie ordonnansie of 'n ander wet dit veroorloof mag niemand —

- (a) op 'n geproklameerde pad inbreuk maak deur 'n gebou of bouwerk, omheining, vore, kanale, slote, pypeleidings, drade, kabels of ander hindernisse daarop, daaroor of daaronder op te rig of aan te lê nie, nog deur opsetlik of nalatig water daaroor te laat loop nie;
- (b) versperrings wat die verkeer enigsins belemmer, hinder of in gevaar stel, of vuilnis, afval, ashope, erdewerk, glasskerwe, blikke, spykers, stukke metaal, materiaal, hout, planke, stompe, rotsblokke of klippe op 'n geproklameerde pad aanbring of laat lê nie;
- (c) 'n voertuig of voertuigdeel op 'n geproklameerde pad laat nie;
- (d) hom enigsins met die ryvlak van geproklameerde paaie, of die uitgravings, grondwalle of riole van geproklameerde paaie bemoei nie.

(2) Elkeen wat die bepalings van hierdie artikel verontgaam, is skuldig aan 'n oortreding.

28. By oortuiging dat dit geen openbare belang sal skend nie, kan die Administrateur 'n daad wat die voorafgaande artikel verbied, skriftelik magtig op voorwaardes wat hy na goeddunke stel.

29.(1) Sonder die Administrateur se skriftelike vergunning en op voorwaardes wat hy na goeddunke stel, mag niemand —

Roads Engineer proposes that a new proclaimed road be constructed or that any proclaimed road be closed or deviated or that the status of such road be altered, a notice of such proposal shall be advertised in the *Official Gazette* and in one or more newspapers circulating in the Territory and the chairman of the board concerned shall display a copy of such notice in both official languages at his office. The chairman of such board shall also send a copy of such advertisement by registered post to all owners or lessees or occupiers concerned whose addresses are known and across whose land the road runs or across whose land the proposed road is to run.

Such notice shall call upon all interested persons to address their objections to the proposal within two months of the date of the notice, at the latest, in writing to the officer mentioned in such notice.

(5) At the first meeting of the board concerned after the expiry of the two months the board shall consider the matter again and the chairman of the board shall transmit —

- (a) any additional recommendations;
- (b) all the objections received;
- (c) an indication of whether the board favours a commission of enquiry or not; and
- (d) in any case, the names of three possible members of such commission from its area, as well as the name of one alternative member —

to the Chief Roads Engineer who shall then submit it to the Administrator with his comments.

(6) The Administrator may approve or disapprove such proposal, or make such order relating to it as he may deem fit, or appoint the commission as recommended or appoint any other commission to enquire into the matter and report to him in writing thereon.

(7) Such commission shall investigate the proposal and any objections thereto, and if necessary inspect the locality concerned and take evidence, and shall thereupon with the least possible delay transmit its written report to the Administrator, who may make such order in connection therewith as he deems fit.

(8) The members of the commission shall receive such fees as may be laid down by regulation, and the costs of such commission shall be defrayed by the Administration out of the Territory's revenue, but after the enquiry the Administrator may order that such costs or portion thereof shall be paid by the interested persons in such proportion as he may deem equitable, and on such order having been made the amount so payable may be recovered in any competent court.

TRAFFIC OBSTRUCTIONS ON PROCLAIMED ROADS.

27. (1) Unless this ordinance or any other law authorises it, no person shall —

- (a) encroach on any proclaimed road by erecting or constructing any building, structure, fence, furrow, canal, ditch, pipeline, wire, cable or other obstacle on, over or under such proclaimed road, or by wilfully or negligently causing water to run over it;
- (b) put or leave any obstacles which could in any way obstruct, hinder or endanger traffic, or any rubbish, debris, ash heaps, earthenware, glass fragments, tins, nails, pieces of metal, material, wood planks, tree stumps, boulders or stones on any proclaimed road;
- (c) leave any vehicle or part thereof on a proclaimed road;
- (d) interfere in any way with the roadway of any proclaimed road, or with any cuttings, banks or drains of proclaimed roads.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section shall be guilty of an offence.

28. The Administrator may authorise in writing and upon such conditions as he may prescribe, an act prohibited under the preceding section if he is satisfied that such an act will not be prejudicial to the public interest.

29. (1) Without the Administrator's written permission, on such conditions as he may deem fit, no person shall —

- (a) 'n trein-, trem-, trolley- of koekepanspoor of -baan oor 'n geproklameerde pad aanlê nie;
 (b) 'n brug oor, of 'n duikweg of duiker onder, 'n geproklameerde pad bou nie;
 (c) elektriese of ander drade oor, of kabels oor of onder 'n geproklameerde pad aanlê nie.

(2) Elkeen wat die bepalings van hierdie artikel verontgaam is, is skuldig aan 'n oortreding.

(3) Die Administrateur word hierby gemagtig om enigets wat strydig met subartikel (1) hiervan aangebring is, sonder kennisgewing te laat verwijder, en om die koste daarvan verbonde, op die oortreder te verhaal.

(4) Vir elke vergunning wat hy ingevolge hierdie artikel toestaan, kan die Administrateur 'n jaargeld aanslaan wat hy in elke geval bepaal.

30. (1) Behoudens die wetsbepalings op die oprigting van waarskuwingstekens op geproklameerde paaie mag niemand enige raamwerk, stellasie, plaat of ander toestel waarop 'n advertensie aangebring kan word, op of oor 'n geproklameerde pad oprig nie.

(2) Elkeen wat die bepalings van hierdie artikel verontgaam is, is skuldig aan 'n oortreding.

(3) Die Administrateur word hierby gemagtig om enige advertensietoestel wat strydig met subartikel (1) hiervan aangebring is, sonder kennisgewing te laat verwijder en te vernietig, en om die koste aldus aangegaan op die oortreder te verhaal.

HOOFSTUK IV.

HOOF- EN GROOTPAAIE IN PLAASLIKE BESTUURSGEBIEDE.

31. In hierdie hoofstuk is 'n hoof- of grootpad 'n pad of paddeel wat binne die grens van die stedelike gebied van 'n plaaslike bestuur gelê is, wat 'n verlenging is van 'n hoof- of grootpad buite die grense van sodanige stedelike gebied en wat nie noodwendig 'n bepaalde minimum of maksimum breedte het nie, en omvat dit brûe en enige ander werk of saak wat deel is van so 'n pad of paddeel wat daarmee in verband staan.

32. Na beraadslaging met die betrokke plaaslike bestuur kan die Administrateur 'n hoof- of grootpad deur of binne so 'n plaaslike bestuur se gebied binne die grense van die stedelike gebied proklameer, verlê of deproklameer: Met dien verstande dat geen sodanige proklamering 'n plaaslike bestuur onthef van enige verpligting ten opsigte van die aanleg, instandhouding en beheer van sodanige pad waar daar enige wetlike verpligting in verband daarmee bestaan nie.

33. Wanneer 'n pad of paddeel binne die grense van die stedelike gebied van 'n plaaslike bestuursgebied ingevolge artikel *twee-en-dertig* tot hoof- of grootpad geproklameer is, en ten genoeë van die Administrateur op koste van die plaaslike bestuur aangelê en in stand gehou is, kan die Administrateur na goeddunke 'n subsidie, betaalbaar uit die Padfonds, aan die plaaslike bestuur toestaan vir die instandhouding van sodanige pad op 'n grondslag en voorwaardes wat hy bepaal.

34. Ondanks die bepalings van enige ander wet moet 'n plaaslike bestuur wat voornemens is om die verkeer op enige straat wat ingevolge artikel *twee-en-dertig* tot hoof- of grootpad geproklameer is, te beheer deur die daarstelling van permanente stopstrate, verkeerseilande, verkeersligte, parkeerplekke, eenrigtingstrate of enigets dergelyks moet, voordat uitvoering gegee word aan sodanige voornemens, die Hoof Paaie-Ingenieur skriftelik daarvan in kennis stel met die oog op die verkrywing van die goedkeuring van die Administrateur, en so 'n plaaslike bestuur mag nie sodanige permanente stopstrate, verkeerseilande, verkeersligte, parkeerplekke, eenrigtingstrate of enigets dergelyke sonder die goedkeuring van die Administrateur daarstel nie.

HOOFSTUK V.

PADFONDS.

35. (1) (a) Die spesiale fonds gestig ingevolge artikel *een-en-veertig* van Ordonnansie 7 van 1937 (in hierdie ordonnansie heet dit die Padfonds) word hierby in stand gehou en word gebruik —

- (a) lay any railway, tramway, trolley or cocopan lines or tracks across any proclaimed road;
 (b) construct any bridge across, or any subway or culvert under a proclaimed road;
 (c) carry any electric or other wires across, or lay any cables over or under, any proclaimed road.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section shall be guilty of an offence.

(3) The Administrator is hereby authorised to have anything which has been constructed in contravention of sub-section (1) hereof, removed without notice, and to recover the costs of removal from the offender.

(4) For every permission granted in terms of this section the Administrator may charge an annual fee he may determine in each case.

30. (1) Save as is provided in any law governing the erection of warning signs on proclaimed roads, no person shall erect on, or across, any proclaimed road any framework, scaffolding, board or other device on which any advertisement may be affixed.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section shall be guilty of an offence.

(3) The Administrator is hereby authorised to remove and destroy, without notice, any advertising device erected in contravention of sub-section (1) hereof, and to recover from the offender the expense so incurred.

CHAPTER IV.

TRUNK AND MAIN ROADS IN AREAS UNDER LOCAL AUTHORITIES.

31. In this chapter a trunk or main road means a road or portion of a road running within the boundaries of the urban area of a local authority, being an extension of a trunk or main road beyond the boundaries of such urban area which does not necessarily have a fixed minimum or maximum width, and includes bridges and any other work or thing which forms part of such a road or portion of a road connected therewith.

32. The Administrator may after consultation with the local authority concerned, proclaim, deviate or deproclaim any trunk or main road running through or within the area of such local authority and within the boundaries of the urban area: Provided that no such proclamation shall exempt any local authority from any obligation in respect of the construction, maintenance and control of such road where there is any legal obligation in this connection.

33. When a road or portion of a road within the boundaries of an urban area of a local authority area has been proclaimed a trunk or main road under section *thirty-two* and has been constructed and maintained at the cost of such local authority to the satisfaction of the Administrator, the Administrator may in his discretion grant such local authority a subsidy, payable out of the Roads Fund, for the maintenance of such road on such basis and such conditions as he may determine.

34. Notwithstanding the provisions of any other law a local authority which intends to control the traffic on any street proclaimed a trunk or main road under section *thirty-two* by the institution of permanent stop streets, traffic islands, traffic lights, parking spaces, one-way streets or the like, shall, before putting such intention into effect, inform the Chief Roads Engineer thereof in writing in order to obtain the approval of the Administrator, and such local authority shall not institute any such permanent stop streets, traffic islands, traffic lights, parking places, one-way streets or the like without the approval of the Administrator.

CHAPTER V.

ROADS FUND.

35. (1) (a) The special fund established under section *forty-one* of Ordinance 7 of 1937 (in this ordinance called the Roads Fund) is hereby retained and shall be used for —

- (i) vir die aanleg, instandhouding, herstel en beheer van geproklameerde paaie;
- (ii) vir die aanleg, instandhouding, herstel en beheer van wildtuinpaaie wat van tyd tot tyd as sodanig deur die Administrateur goedgekeur word;
- (iii) vir die uitvoering van werk deur die Afdeling Paaie vir ander afdelings van die Administrasie en plaaslike besture, en onderhewig aan die betaling van gelde vir sodanige werk wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal;
- (iv) vir die uitvoering van werk deur die Afdeling Paaie vir ander liggeme wat die Administrateur goedkeur en onderhewig aan die betaling van gelde vir sodanige werk wat hy van tyd tot tyd bepaal;
- (v) vir die aankoop, instandhouding en werkoste van werktuie, toerusting en materiaal bedoel vir padbou, asook vir die kampbehuising van die Afdeling Paaie se personeel en toerusting; en
- (vi) vir die betaling ingevolge artikel *drie-en-dertig* van subsidies aan plaaslike besture.

(b) Op skriftelike magtiging van die Administrateur kan geld uit die Padfonds betaal word ter bevordering van die doeleindes van hierdie ordonnansie.

(2) Inkomste uit motorvoertuiglisensiegeld, die jaarlike bydraes van die Republiek van Suid-Afrika se Departement van Spoerweë en Hawens, en bydraes verkry deur die betaling van gelde genoem in subparagraphs (iii) en (iv) van paragraaf (a) van subartikel (1) hiervan, asook gelde verkry uit die verkoop van onbruikbare of oortollige artikels wat in subparagraph (v) van paragraaf (a) van subartikel (1) hiervan genoem word, moet in die Padfonds gestort word.

(3) Voorts kan die Wetgewende Vergadering van die Gebied verdere gelde uit die Gebiedsinkomstefonds by die Padfonds aanwend, of opnuut gelde daarvoor bewillig.

(4) Het die Padfonds by die sluiting van 'n boekjaar 'n batige saldo, dan val dit nie aan algemene inkomste terug nie maar bly dit in die Padfonds.

HOOFSTUK VI.

TREK MET DIERE:

36. (1) Waar daar 'n onomheinde geproklameerde pad oor 'n plaas gaan, word daar aan weerskante van die middellyn van so 'n pad 'n strook grond van hoogstens *tweehonderd-en-vyftig* meter breed as publieke weigrond vir trekvee beskou en mag niemand 'n dier, hetby aan 'n rytuig ingespan of andersins, buitekant die genoemde strook grond, dryf of laat loop nie: Met dien verstande dat geen tuin of ander grond wat gewoonlik verbou word by daardie strook grond ingesluit word nie.

(2) Niemand behalwe 'n gelisensieerde slagter of veespekulateur, of die eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas in die Gebied, of 'n gemagtige verteenwoordiger van werkneemer van sodanige slagter, spekulateur, eienaar, huurder of bewoner, mag op enige weigrond aan weerskante van 'n geproklameerde pad, soos by subartikel (1) hiervan bepaal, met vee trek of vervoer nie, buiten met magtiging van 'n permit uitgereik deur 'n landdros of, in die geval van inboorlinge, 'n landdros, bantoesakekommisaris, assistent-bantoesakekommisaris of superintendent van 'n naturellerereservaat. Sodanige permit moet die getal, aard en bestemming van die betrokke vee aangee, die roete wat gevolg moet word, asook die geldigheidstyd daarvan. Elkeen wat die bepalings van hierdie subartikel, of die voorwaarde van sodanige permit, verontgaam, is skuldig aan 'n oortreding, en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand, of by wanbetaling met gevangenisstraf van hoogstens drie maande met of sonder dwangarbeid.

(3) Die houer van 'n permit ingevolge subartikel (2) moet dit op aanvraag toon aan die eienaar, huurder of bewoner van die plaas waarop die weigrond geleë is en waarop die genoemde permithouer hom met sy vee bevind.

- (i) the construction, maintenance, repair and control of proclaimed roads;
- (ii) the construction, maintenance, repair and control of game park roads approved as such by the Administrator from time to time;
- (iii) the execution of work by the Roads Branch for other branches of the Administration and local authorities, and subject to the payment for such work of fees as determined by the Administrator from time to time;
- (iv) the execution of work by the Roads Branch for other bodies approved by the Administrator and subject to the payment for such work of fees as determined by the Administrator from time to time;
- (v) the purchase, maintenance and the payment of the operating costs of machinery, equipment and material intended for road construction, and for camp accommodation of the staff and equipment of the Roads Branch; and
- (vi) the payment under section *thirty-three* of subsidies to local authorities.

(b) On the written authority of the Administrator moneys may be paid out of the Roads Fund in furtherance of the purposes of this ordinance.

(2) Revenue derived from motor vehicle licence fees, the annual contributions of the Republic of South Africa's Department of Railways and Harbours, and contributions derived from the payment of fees referred to in subparagraphs (iii) and (iv) or paragraph (a) of sub-section (1) hereof, and moneys derived from the sale of unserviceable or redundant items referred to in subparagraph (v) of paragraph (a) of sub-section (1) hereof shall be paid into the Roads Fund.

(3) The Legislative Assembly for the Territory may further appropriate additional moneys from the Territory Revenue Fund for the Roads Fund or vote new amounts to the Roads Fund.

(4) If at the end of any financial year the Roads Fund shows a credit balance, such balance shall not revert to general revenue but shall remain in the Roads Fund.

CHAPTER VI.

TREKKING WITH ANIMALS:

36. (1) Where an unfenced proclaimed road traverses a farm, a strip of land not more than *two-hundred and fifty* metres wide on each side of the centre line of the road shall be deemed to be a public grazing area for stock on trek, and no person shall drive or graze any animal, whether inspanned to a vehicle or not, outside such strip of land: Provided that no garden or other land which is usually cultivated shall be included in such strip of land.

(2) No person except a licensed butcher or speculator in stock, or the owner, lessee or occupier of a farm in the Territory, or an authorised representative or employee of such butcher, speculator, owner, lessee or occupier may trek or be with stock on any grazing area on either side of a proclaimed road, as provided in sub-section (1) hereof, unless he is authorised by a permit issued by a magistrate, or in the case of natives, by a magistrate, a Bantu affairs commissioner, an assistant Bantu affairs commissioner or a superintendent of a native reserve. Such permit shall state the number, type and destination of the stock concerned, the route to be followed and the period for which it shall be valid. Any person who contravenes the provisions of this sub-section or the terms of such permit shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or, in default of payment, to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months.

(3) The holder of a permit under sub-section (2) shall on demand produce such permit to any owner, lessee or occupier of the farm on which such grazing area is situated and on which the said permit holder is found with his stock.

(4) (a) Elkeen, insluitende die eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas, wat in of oor 'n afgekampte geproklameerde pad, waar die afstand tussen die heininge minder as 500 meter is, sy vee laat wei of trek, behalwe wanneer sodanige vee onder toesig trek, is skuldig aan 'n oortreding.

(b) Enige eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas, of die Hoof Paaie-Ingenieur of sy gemagtigde verteenwoordiger, kan optree ooreenkomsdig die bepalings van die Ordonnansie op die Oortreding van Diere 1939 (Ordonnansie 16 van 1939) soos gewysig, ten opsigte van enige diere wat teenstrydig met die bepalings van paragraaf (a) toegelaat word om te wei of te trek.

37. (1) Niemand mag met vee langs 'n geproklameerde pad oor die weigrond aan weerskante daarvan waarvoor subartikel (1) van artikel *ses-en-dertig* voorsiening maak, 'n afstand van minder as vyf myl per vier-en-twintig uur afle nie, buiten met die toestemming van die eienaar, huurder of bewoner van die betrokke plaas, of tensy hy weens teenspoed, oorstromings of ander onvoorsiene omstandighede vertraag word.

(2) Die tydbeperking gestel by subartikel (1) sluit Sondae uit.

(3) Elkeen wat die bepalings van hierdie artikel verontgaam, is skuldig aan 'n oortreding en is by skuldig bevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tien rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens een maand met of sonder dwangarbeid.

38. (1) Elke reisiger op 'n geproklameerde pad kan sy vee laat wei en suip binne die weigrond aan weerskante van die geproklameerde pad soos by subartikel (1) van artikel *ses-en-dertig* bepaal.

(2) Het so 'n weigrond geen voldoende watervoorraad nie, kan die Administrateur redelike stappe doen ter waterverskaffing daarop, en tot tyd en wyl dit gebeur, kan 'n reisiger sy vee aan die naaste water laat suip, mits daar genoeg oorbly vir die behoeftes van die eienaar, huurder of bewoner van die betrokke plaas. Elke sodanige eienaar, huurder of bewoner wat weier om so 'n reisiger aan water vir sy vee te help wanneer daar genoeg water vir 'n sodanige reisiger en vir sy eie behoeftes is of wat so 'n reisiger enigsins belet om die water te gebruik, is skuldig aan 'n oortreding.

(3) So 'n eienaar, huurder of bewoner kan 'n tarief vir water van hoogstens een sent per stuk grootvee en tien sent per honderd stuks kleinvee aanslaan: Met dien verstaande dat hy geen betaling mag eis vir water uit 'n lopende stroom, nog vir die waterverbruik van ry- of trekkiedere van die werknemers van die Administrasie, die Departement van Bantoe-Administrasie en -ontwikkeling of Suid-Afrikaanse Polisie wat in diens optree nie, nog vir diere — maar hoogstens vyf-en-twintig — wat onder amptelike toesig van sodanige werknemers verkeer nie.

(4) So 'n eienaar, huurder of bewoner kan nog vyftig sent as kraalgeld aanslaan vir elke honderd stuks grootvee en tien sent vir elke honderd stuks kleinvee per nag as hy 'n kraal verskaf aan enige wat met vee trek of reis: Met dien verstaande dat hy geen betaling mag eis weens die verskaffing van 'n kraal vir die ry- of trekkiedere van die werknemers van die Administrasie, die Departement van Bantoe-Administrasie en -ontwikkeling of Suid-Afrikaanse Polisie wat in diens optree, nog vir diere — maar hoogstens vyf-en-twintig — wat onder die amptelike toesig van sodanige werknemers verkeer nie.

39. Uitgesonderd vee van die eienaar, huurder of bewoner, van die betrokke plaas, is alle vee wat op enige geproklameerde pad of op enige weigrond aan weerskante van 'n geproklameerde pad (soos by subartikel (1) van artikel *ses-en-dertig* bepaal) op so 'n plaas verkeer, onderhewig aan die bepalings van die Ordonnansie op die Oortreding van Diere 1939 (Ordonnansie 16 van 1939). By die toepassing van hierdie artikel word daar aangeneem dat alle vee wat op sodanige geproklameerde pad of weigrond verkeer in die besit van iemand wat ingevolge subartikel (2) van artikel *ses-en-dertig* verplig is om 'n permit uit te neem maar wat versuim het om dit te doen, op sodanige geproklameerde pad of weigrond oortree, en word daar voorts aangeneem dat alle vee wat in die besit is van iemand watstrydig met die bepalings van artikel

(4) (a) Any person, including the owner, lessee or occupier of a farm who grazes or treks with his stock in or across a fenced-off proclaimed road where the distance between the fences is less than 500 metres, shall, except where such stock is trekking under supervision, be guilty of an offence.

(b) Any owner, lessee or occupier of a farm, or the Chief Roads Engineer or his authorised representative, may act in terms of the provisions of the Trespass of Animals Ordinance, 1939 (Ordinance 16 of 1939) as amended, in respect of any animals allowed to graze or trek contrary to provisions of paragraph (a).

37. (1) No person trekking with stock shall cover a distance of less than five miles in twenty-four hours along a proclaimed road over the grazing area on either side of such road as provided for in sub-section (1) of section *thirty-six* except with the consent of the owner, lessee or occupier of the farm concerned, unless he is delayed by adversity, floods or other unforeseen circumstances.

(2) The time limit imposed in sub-section (1) shall exclude Sundays.

(3) Any person who contravenes the provisions of this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding ten rand, or, in default of payment, to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding one month.

38 (1) Every traveller on a proclaimed road may graze and water his stock within the grazing area on either side of such proclaimed road as provided for in sub-section (1) of section *thirty-six*.

(2) If any such grazing area has insufficient water, the Administrator may take reasonable measures to provide sufficient water thereon, and until such time any traveller shall be entitled to water his stock at any water supply nearest to such area, provided a sufficient supply is left for the requirements of the owner, lessee or occupier of the farm concerned. Any such owner, lessee or occupier who refuses to supply such traveller with water for his stock when there is sufficient water for such traveller and for his own requirements, or who in any way prevents such traveller from using such water, shall be guilty of an offence.

(3) Any such owner, lessee or occupier may charge for water so supplied at a rate not exceeding one cent a head of large stock and ten cents for every hundred head of small stock: Provided that no charge shall be made for water supplied from a running stream, nor for water supplied to the riding or draught animals of the employees of the Administration, the Department of Bantu Administration and Development or the South African Police when on duty, nor to animals — not exceeding twenty-five in number — in the official custody of such employees.

(4) Any such owner, lessee or occupier may charge a further fifty cents for every hundred head of large stock and ten cents for every hundred head of small stock per night as kraal fees, if he provides a kraal to any person trekking or travelling with stock: Provided that no charge shall be made for kraal facilities provided for riding or draught animals of employees of the Administration, the Department of Bantu Administration and Development or the South African Police when on duty, nor for the animals — not exceeding twenty-five in number — in the official custody of such employees.

39. Any stock not being the property of the owner, lessee or occupier of the farm concerned, found on any proclaimed road or on any grazing area on either side of a proclaimed road (as provided for in sub-section (1) of section *thirty-six*) on such farm shall be subject to the provisions of the Trespass of Animals Ordinance, 1939 (Ordinance 16 of 1939). For the purposes of this section any stock on such proclaimed road or grazing area found in the possession of any person who is obliged to take out a permit under the provisions of sub-section (2) of section *thirty-six* but who has not taken out such permit, shall be deemed to have trespassed on such proclaimed road or grazing area, and all stock found in the possession of a person who, contrary to the provisions of section *thirty-seven*, covers a distance of less than five

sewe-en-dertig 'n afstand van minder as vyf myl per vier-en-twintig uur met sodanige vee langs sodanige geproklameerde pad of oor sodanige weigrond aflê, op sodanige geproklameerde pad of weigrond oortree.

HOOFSTUK VII.

OMHEINING EN HEKKE:

40. (1) By kennisgewing in die *Offisiële Koerant* en na 'n ondersoek wat hy moontlik wenslik ag en gelas, kan die Administrateur die standaardafstand van sestig meter tussen die heinings langs geproklameerde paaie, soos by artikel *vier* hiervan bepaal, verminder of vermeerder: Met dien verstande dat die afstand steeds minstens dertig meter moet wees.

(2) By afwesigheid van 'n kennisgewing ingevolge die bepalings van subartikel (1) mag geen heining nader as dertig meter van die middellyn van die pad se ryvlak af opgerig word nie, en by 'n vermeerderde of verminderde padbreedte, soos by kennisgewing ingevolge subartikel (1) bepaal, mag geen heining nader as die helfte van die geproklameerde breedte van die ryvlakmiddellyn af opgerig word nie: Met dien verstande dat die afstand tussen die ryvlakmiddellyn en die heining met die wete en toestemming van die Hoof Paaie-Ingenieur gewysig kan word tot op 'n minimum van tien meter, mits die algehele padbreedte tussen die heinings die voorgeskrewe maat bly volg.

- (3) (a) Die Administrateur kan 'n kennisgewing uitvaardig waarby hy die eienaar van 'n heining wat na Junie 1953 strydig met die bepalings van hierdie artikel opgerig is, gelas om dit te verwijder binne 'n tydperk wat die kennisgewing aandui en by versuim om sodanige lasgewing na te kom, kan die Administrateur sodanige heining verwijder en die verwyderingskoste in enige regbsbevoegde hof op die betrokke eienaar verhaal.
- (b) Waar 'n heining voor Junie 1953 strydig met die bepalings van hierdie artikel opgerig is, kan die Administrateur sodanige heining op staatskoste verwijder en dit weer laat oprig sodat dit aan die bepalings van hierdie artikel voldoen: Met indien verstande dat waar die eienaar van enige heining reeds voor die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie kennis gekry het dat hy dit moet verwijder of versit, die Administrateur sodanige heining kan verwijder of versit en die koste in enige regbsbevoegde hof op die eienaar kan verhaal.

41. (1) Niemand behalwe die Administrateur mag 'n motorroosterhek in enige heining oor enige geproklameerde pad laat bou nie. Alle motorroosterhekke wat in grensheinings oor hoof-, groot- of distrikspaaie nodig is, word deur die Afdeling Paaie opgerig, terwyl, tensy die Administrateur anders besluit, die eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas die koste van die daarstelling van motorroosterhekke in kampcheinings, soos die Administrateur van tyd tot tyd na goeddunke bepaal, moet betaal.

(2) Niemand mag sonder toestemming van die Administrateur bloot 'n swaaihek oor 'n hoof- of grootpad aanbring nie, maar moet ook 'n motorroosterhek daar aanbring.

(3) Wanneer 'n eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas 'n geproklameerde pad so afkamp dat die bou van motorroosterhekke in grensheinings oor daardie pad onnodig is, kan die Administrateur na goeddunke tot sodanige afkamping bydrae: Met indien verstande dat die betrokke heinings minstens moet voldoen aan die standaarde vir grens-, kamp- of jakkalsdraadcheinings, na gelang, wat deur die Afdeling Landbou van die Administrasie van tyd tot tyd bepaal word.

(4) Elkeen wat die bepalings van hierdie artikel verontgaasam, is skuldig aan 'n oortreding.

